TOERUSTINGSBURO INTERKULTURELE WERKERS (TIW)

Die geboorte en pad vorentoe

TIW : Wie en wat ?

Visie van TIW

Kerklike werkers wat toegerus is om optimale diens in 'n interkulturele konteks te lewer.

Missie van TIW

TIW ontwikkel toepaslike kursusse en staan gemeentes op 'n professionele wyse en dinamiese wyse by om interkulturele kerklike werkers omvattend toe te rus en te versorg vir hulle uitdagende diens in die Koninkryk van God.

Die behoefte waarin TIW wil voorsien

Gemeentes en lidmate is voortdurend in 'n meerdere of mindere mate betrokke by die wêreld in nood, hetsy sondenood, gesondheidsnood, armoede of enige ander nood. Baie van hierdie betrokkenheid vind plaas binne 'n kulturele opset wat verskil van die kultuur en gemeenskap van die gemeentes en lidmate wat daarby betrokke is. Dit is veral waar van lidmate wat in 'n ander land diens lewer as "sendelinge" en betrokke is by evangelisasie, kerkplanting, onderwys, mediese dienste, gemeenskapsontwikkeling ens.

Terwyl daar groot dankbaarheid heers oor die betrokkenheid van gemeentes en lidmate by nood om hulle, is daar ook kommer oor die bevoegdheid of bekwaamheid van kerklike werkers wat in 'n interkulturele konteks diens lewer. Die oorgrote meerderheid voltydse en deeltydse werkers van die NG Kerkfamilie wat in 'n interkulturele konteks werksaam is, is nie behoorlik toegerus vir die eise wat so 'n bediening aan hulle stel nie. Terwyl sodanige werkers soms professioneel (predikant, dokter, onderwyser, landboukundige ens.) baie goed opgelei is, ontbreek dit hulle dikwels aan kennis, ervaring en bedrewendheid in Bybelkennis, teologie, taal en kultuur. Die geestelike vorming en die persoonlikheidsontwikkeling van kerklike werkers kry dikwels geen of baie min aandag.

Alhoewel Universiteite, Kolleges en ander instellings tot 'n mate in die behoefte aan die toerusting van interkulturele kerklike werkers kan voorsien, is dit so dat die oorgrote meerderheid van interkulturele kerklike werkers nie vir die kursusse inskryf nie. Faktore wat hiertoe bydra is o.a. die kostes verbonde aan sodanige opleiding; persoonlike omstandighede wat dit onmoontlik maak om voltyds residensieel te studeer; die sterk akademiese en teoretiese inslag; die tydsduur van die kursusse en die gebrek aan praktiese blootstelling by sommige kursusse ens.

Daar is heelparty interkerklike opleidingsentra in Suid-Afrika wat ten opsigte van 'n wye verskydenheid van geestelike en gemeenskapswerk lofwaardige werk doen in die opleiding en toerusting van interkulturele werkers. Hierdie bron van hulp mag nie ignoreer word nie, maar dit kan nie as 'n volledige plaasvervanger dien vir die NG Kerkfamilie se eie program van toerusting en begeleiding van interkulturele kerklike werkers nie. Hierdie opleidingsentra kan 'n belangrike aanvullende rol speel t.o.v. die toerusting van die NG Kerkfamilie se interkulturele kerklike werkers.

Waar daar in die verlede swaar geleun is op sinodale strukture vir die werwing, toerusting en uitstuur van interkulturele werkers, soms heeltemal los van die plaaslike gemeentes, val die klem nou primêr op die plaaslike gemeentes as die stuurders, toerusters en ondersteuners van interkulturele werkers. Gemeentes het behoefte aan leiding en programme om hulle werkers toe te rus en te versorg in hulle dienswerk. TIW wil gemeentes help in hulle verantwoordelikheid om hulle werkers behoorlik toe te rus vir hulle dienswerk in 'n interkulturele konteks.

Die waardes wat TIW rig

- Die toerusting sal getuig van 'n omvattende benadering wat die werker t.o.v. alle dimensies van sy/haar persoon en taak wil toerus: fisies, psigies, geestelik, kennis, vaardigheid ens.
- Die omvattende en holistiese aard van alle dienswerk(sending) sal beklemtoon word ongeag die fokusarea van 'n werker se dienswerk.
- Die belangrikheid van die Kerk, plaaslik en algemeen, sal deurgaans beklemtoon word t.o.v die werwing, toerusting, toesig, begeleiding en versorging van werkers.
- Terwyl enige persoon of gemeente deel kan neem aan toerustingsprogramme, sal die toerusting konfessioneel gebonde wees aan die Gereformeerde belydenisse en sensitief wees vir die spiritualiteit in die NG Kerkfamilie.
- Kulturele sensiwiteit en vaardighede vir interkulturele werk sal ontwikkel word.
- Professionaliteit en kwaliteit sal in alles nagestreef word.
- Die toerusting sal verryk kan word deur programme van ander kerke en Christelike organisasies omdat die NG Kerkfamilie weet dat die liggaam van Christus groter is as die NG Kerkfamilie.

Die drome vir 'n volwaardige TIW

TIW wat volstoom funksioneer sal:

Toerustingsprogramme:

- Toerustingsmateriaal in eenhede beskikbaar hê wat aangewend kan word om interaktiewe kontak- en afstandstoerustingskursusse vir alle kategorie interkulturele werkers saam te stel.
- Toerustingsmateriaal in eenhede beskikbaar hê waaruit interaktiewe kontak- en afstandtoerustingskursusse vir gemeentes wat hulle interkulturele werkers wil toerus en versorg, saamgestel kan word.
- Toerustingsmateriaal in eenhede beskikbaar hê wat gemeentes kan toerus wat as gemeentes proaktief in interkulturele bedieninge betrokke is
- Toerustingsmateriaal en programme hê wat vir leiers/lidmate uit verskillende kultuurgemeenskappe beter begrip, versoening en samewerking in die hand werk.
- In samewerking met Hugenote Kollege/Hugenote Bybelinstituut toerustingskursusse beskikbaar hê waarvoor studente formele krediete kan verwerf.

Aanbied van toerusting

- Deurlopend en landswyd(buitelands waar nodig en moontlik) tersaaklike kursusse vir interkulturele werkers en/of gemeentes aanbied.
- Vrywillige kundiges en mentors betrek by die aanbied van kursusse en nasorg na kursusse.
- Ondersteuning bied aan gemeentes wat afstandtoerustingsmateriaal gebruik om hulle interkulturele werkers toe te rus.
- In samewerking met Hugenote Kollege en Hugenote Bybelinstituut sertifikaat-, diploma- en

graadkursusse aanbied vir interkulturele kerklike werkers

Data

- 'n Databank in stand hou van alle interkulturele kerklike werkers van die NG Kerkfamilie met die oop op toerusting en versorging van hierdie werkers
- 'n Databank in stand hou van alle instansies wat op die een of ander wyse TIW en gemeentes kan help met die toerusting en versorging van interkulturele kerklke werkers.
- 'n Databank in stand hou van alle netwerke en vennootskappe wat TIW en gemeentes kan help met die toerusting en versorging van interkulturele kerklike werkers

Netwerk en vennootskappe

- Aktief probeer om met ander toerustingsinstellings saam te werk ten einde te verseker dat interkulturele werkers behoorlik toegerus en versorg word
- Vennootskappe sluit met tersaaklike instellings/organisasies waar dit tot hulp en voordeel van die toerusting van interkulturele werkers strek.

Menslike hulpbronne

- Voldoene voltydse personeel in diens hê wat kan verseker dat TIW op 'n doelmatige en professionele wyse die toerusting en versorging van interkulturele kerklike werkers in die NG Kerkfamilie fasiliteer.
- Op 'n realistiese en volhoubare wyse vrywillige kundiges en mentors inskakel by die toerustingsprogramme van TIW

Konsultasie

- Kundiges in verskillende streke van RSA beskikbaar hê om individue en gemeentes van raad te bedien oor die vernaamste aspekte van die toerusting en versorging van interkulturele werkers.

Posisie binne die NG Kerkfamilie

- Bekend wees in die NG Kerkfamilie
- Die vertroue en ondersteuning geniet van die NG Kerkfamilie en diens aan interkulturele werkers/gemeentes van al die kerke lewer.
- Finansiële steun van lidmate en gemeentes van die NG Kerkfamilie ervaar.

Werkswyse en infrastruktuur

- TIW sal in verskillende streke in die land kantore/sentrums hê wat die streek deurlopend behulpsaam kan wees in die toerusting en versorging van interkulturele werkers
- TIW sal gemeentes en individue wat die kerk in die breë met hulle kennis en ervaring op 'n spesifieke gebied tot diens kan wees, betrek en bemagtig in die proses van toerusting en versorging van interkulturele werkers

Finansies

- Op 'n deurlopende wyse lidmate en gemeentes van die NG Kerkfamilie aanmoedig om TIW te ondersteun
- Voltydse werkers sal deur TIW betaal word uit fondse beskikbaar

Werkswyse van TIW

- TIW ontwikkel kursusse vir verskillende tipes interkulturele kerklike werkers wat plaaslik met die hulp van TIW deur die sturende gemeentes benut kan word vir die toerusting van hulle werkers.

- TIW bied van tyd tot tyd kursusse aan waarheen gemeentes hulle interkulturele werkers kan stuur vir toerusting
- TIW rus gemeentes toe vir hulle roeping om hulle werkers omvattend toe te rus en te versorg.
- TIW verskaf gemeentes of individue van inligting en raad insake toerusting vir interkulturele werk, binnelands of buitelands.